**Sondag 1 Februarie**
**Skrifgedeelte: Daniël 9:1-19**
**Fokusgedeelte: Daniël 9:18 (AFR53)**
**Daar is geen geregtigheid in die mens nie, net in die barmhartigheid van God verhoor Hy ons gebede**

Hierdie is seker een van die mees aangrypende gebede in die Bybel, omdat dit die volk se skuld en God se barmhartigheid in skerp kontras stel. Daniël staan self in die gebed as deel van die volk en bely herhaaldelik: "Ons het gesondig." Tog is sy gebed nie 'n beroep op Israel se eie geregtigheid of prestasie nie, maar uitsluitlik op God se karakter: *"… want nie op grond van ons geregtigheid werp ons ons smekinge voor u aangesig neer nie, maar op grond van u grote barmhartigheid"* (vs 18)

Die woord "barmhartigheid" is 'n eienskap van God wat 'n liefdevolle ontferming is wat altyd gepaardgaan met *vergewing*, en dit openbaar vir ons presies Wie God is. Die gebed beklemtoon dat ons nes Israel nooit deur ons eie verdienste God kan behaag nie, want selfs ons beste werke is met sonde besmet. Daarom is ons enigste hoop dat God uit sy vrye, soewereine guns aan ons barmhartigheid betoon. Dit leer ons ook dat God altyd barmhartig in sy verbond optree, al is die volk ontrou, bly God getrou aan sy beloftes.

Hierdie getrouheid aan sy verbond vind uiteindelike vervulling in Christus, die volheid van God se barmhartigheid, wat die vloek van die wet dra en vir ons die geregtigheid verdien wat ons self nooit kan bewerk nie. Daniël se gebed is dus nie net 'n pleidooi vir herstel ná ballingskap nie, maar 'n profetiese heenwysing na die evangelie self: dat God sy volk nie volgens hulle sondes behandel nie, maar volgens sy groot barmhartigheid. En hier vind ons ons troos, ons staan nooit voor God met ons eie ongeregtighede nie, maar roep tot Hom alleen op grond van sy barmhartige genade vervul in sy Seun, *"sola gratia"*. Daarom kan elkeen van ons verseker wees dat Hy ons verhoor op grond van sy barmhartigheid.

*Sing: Psalm 86-1:1, 8*
*Ds. EJ (Ernest) Vogt (Hartbeespoort)*